# Afrikaanse Protestantse Kerk

PBO Nommer 930005592

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS
## NUUSBRIEF NO. 22
AUGUSTUS 2024

### DIE TWEE-POT-STELSEL VIR PENSIOENE (Wat is dit en hoe werk dit)

**TOT 1 SEPTEMBER 2024**

Nasionale Tesourie het die twee-pot-stelsel ontwikkel ten einde lede te help om meer geld vir aftrede te voorsien. Tesourie is van mening dat daar te veel burgers in die land is wat nie kan aftree nie en sodoende die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid verplaas na die staat vir die voorsiening van ouderdomspensioen aan senior burgers.

Die volgende aftreefondse is geteiken:

- Pensioenfondse
- Voorsorgfondse
- Aftreefondse
- Bewaringsfondse
- Aftree Annuïteitsfondse

Alle bydraes, *na koste*, gemaak namens en deur lede na 'n aftreefonds, sal vanaf 1 September 2024 geallokkeer word in Twee Komponente of Twee "Potte", nl.:

- 'n Spaarkomponent "pot"
- 'n Aftreekomponent "pot"

Die LIDBELANG op 31 Augustus 2024, word 'n Gevestigde 31/08-belang. Hierdie Gevestigde 31/08-belang bly onderhewig aan die heersende (*Voor 1 September 2024*) reëls, inkomstebelasting en reg op toegang en sal voortgaan om beleggingsgroei te ontvang.

10% tot 'n maksimum van R30,000 van die Gevestigde 31/08-belang word op 1 September 2024 oorgedra na die Spaarpot. Dit staan bekend as die sogenaamde 'Saad kapitaal'.

**Die Waaksaamheidskomitee is van mening dat u geen onttrekking oor u pensioenbydraende tydperk moet maak nie. Indien u enige onttrekking sou maak, moet u bewus wees van die implikasies daarvan op u toekomstige aftreeposisie.**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

**NA 1 SEPTEMBER 2024**

- **1/3 van die bydraes deur en namens u, *na aftrekking van kostes,* word oorgedra na die SPAARPOT.**
  - Die geld in die Spaarpot is toeganklik EENKEER elke belastingjaar.
  - Minimum ontrekkingsbedrag is R2,000.00.
  - U gaan belas word teen u persoonlike belastingkoers op elke onttrekking!

> *(Neem egter kennis:* indien daar nie met die onttrekking lopende belasting (lbs) afgetrek is nie, *omrede die onttrekkingsbedrag minder as R95,750 is,* en hierdie onttrekking word by u normale inkomste op u belastingaanslag op belastingjaareinde getel, gaan daar heel moontlik 'n belastingaanspreeklikheid ontstaan, op (i) die onttrekkingsbedrag, asook (ii) op u normale inkomste, *indien die twee inkomstes saam 'n hoër belastingskaal aktiveer.)*

  - Daar sal 'n diensfooi betaalbaar wees met onttrekking van gelde. Die fooi sal nader aan 1 September gekommunikeer word.
  - ELKE ONTTREKKING VERMINDER DIE TOTAAL VAN U AFTREEKAPITAAL BY AFTREDE.
  - Om toegang tot u spaarpot te verkry moet u die onttrekkingsvorm voltooi en indien by Acravest. Hierdie vorm kan aangevra word by claims@iretire.co.za of verkry word vanaf die Acravest webwerf by www.acravest.com.
    - Die onttrekkingseis hoef nie deur die werkgewer afgeteken te word nie.
    - Die diensvlaktydperk is 14 besigheidsdae vandat die vorm, deeglik voltooi en met ondersteunende dokumentasie, by Acravest ontvang is.

- **2/3 van die bydraes deur en namens u, *na aftrekking van kostes,* word oorgedra na die AFTREEPOT.**
  - Hierdie gelde sal slegs beskikbaar wees met aftrede.
  - Na aftrede is u verplig om 'n pensioen of annuïteit te koop met die kapitaal in die aftreepot, waaruit u inkomste dan voorsien sal word.

**ALGEMENE BEPALINGS**

- Dieselfde beleggingsstrategie word toegepas vir die gelde in die spaarpot en aftreepot.
- Inligting oor die bedrag beskikbaar in u spaarpot sal beskikbaar wees op die Acravest toepassing.
- Die toegangsnaam is u lidmaatskapnommer en die wagwoord is u ID-nommer.
- Indien u 'n uitdaging ervaar, kontak Acravest via die toepassing. U kan die toepassing op u selfoontoepassingswinkel vind.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

Toepassingsvoorbeeld ter illustrasie:

| | |
|---|---|
| Opgehoopte belang op 31/08/2024 | R550,000.00 |
| | |
| Inligting ter sprake na 31/08/2024: | |
| Maandelikse bydrae, na koste en risikopremie | R 5,000.00 |
| | |

## VOORDELE NA 31/08/2024 VOLGENS DIE TWEE-POT STELSEL

| | |
|---|---|
| **1. SPAAR KOMPONENT** | |
| Openingsaldo 01/09/2024 | R 0.00 |
| **Tel by: Inplasing**<br>Saad kapitaal (10% van belang op 31/08/2024, beperk tot R30,000.00) | R 30,000.00 |
| **Tel by: Lopende bydraes**<br>1/3 van netto bydraes vanaf 01/09/2024 - 28/02/2025 (R5,000 X 6 /3) | R 10,000.00 |
| **Trek af: Onttrekking**<br>• Eenkeer per jaar toegelaat volgens balans beskikbaar, met minimum R2,000) | -R 40,000.00 |
| Trek af: Oorplasing<br>• Na Aftreepot<br>• Na ander fonds met bedanking | R 0.00 |
| **Sluitingsaldo op 28/02/2025** | **R 0.00** |
| | |
| **2. AFTREE KOMPONENT** | |
| Openingsaldo 01/09/2024 | R 0.00 |
| **Tel by: Inplasing**<br>• Vanaf Spaarpot<br>• Vanaf ander fondse | R 0.00 |
| **Tel by: Lopende bydraes**<br>2/3 van netto bydraes (na koste en risikopremie) vanaf 01/09/2024 - 28/02/2025 (R5,000x6/3) x 2) | R 20,000.00 |
| Trek af: Oorplasings na ander fondse | R 0.00 |
| **Sluitingsaldo op 28/02/2025** | **R 20,000.00** |
| | |
| **3. GEVESTIGDE POT** | |
| Opgehoopte fonds op 31/08/2024 | R550,000.00 |
| Trek af: Oorplasing na Spaarpot 01/09/2024 | -R 30,000.00 |
| Tel by: Beleggingsgroei @ sê 10% vanaf 01/09/2024 - 28/02/2025 | R 57,500.00 |
| **Sluitingsaldo op 28/02/2025** | **R577,500.00** |

## VOORDELE BETAALBAAR WAAR *VOOR-31/08 VOORDEEL* TER SPRAKE IS

| | |
|---|---|
| **1. ONTTREKKINGSVOORDEEL[1] OP 28/02/2025** | |
| Lidbelang op 31/08, min oorplasing as Saad, plus groei | R577,500.00 |
| Spaar Komponent (Slegs as een onttrekking nie gedoen is nie of die balans minder as R2,000.00 is. | R 0.00 |
| **Beskikbaar** | **R577,500.00** |
| | |
| **Verpligte bewaring vir die Aftreepot (*kan dit nie onttrek nie*)** | **R 20,000.00** |
| | |
| **2. AFTREEVOORDELE OP 28/02/2025** | |
| **2.1 Bedrag beskikbaar in kontant:**<br>• 1/3 van die LIDBELANG op 28/02/2025 (R577,500/3)<br>• Die Spaarpot (Slegs as een onttrekking vir die jaar nog nie gedoen is nie of die balans minder as R2,000.00 is) | R192,500.00<br>R 0.00 |



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

| | |
|---|---|
| **Totaal kontant** | **R192,500.00** |
| | |
| **2.2 Bedrag vir verpligte pensioen of annuïteit**<br>• 2/3 van die LIDBELANG op 28/02/2025 (R577,500/3X2)<br>• Aftreepot op 28/02/2025<br>• Spaarpot indien nie toegelaat onder kommutasie nie | <br>R385,000.00<br>R 20,000.00<br>R 0.00 |
| **Totaal vir die aankoop van 'n Annuïteit** | **R405,000.00** |

## VOORDEEL I.T.V. ARTIKEL 37D VAN DIE PENSIOENFONDSWET

| | |
|---|---|
| Volle krediet van LID word geraak<br>• LIDBELANG op 28/02/2025<br>• Spaarpot<br>• Aftreepot | <br>R577,500.00<br>0.00<br>R 20,000.00 |
| **Totale krediet** | **R597,500.00** |
| | |

[1] Die onttrekkingsvoordeel is die voordeel wat die LID toekom wanneer die diens van die deelnemende werkgewer verlaat word voor aftrede of sterwe.

Indien daar enige onduidelikheid by u bestaan oor hierdie nuwe wetgewing, word u vriendelik versoek om met die sekretaris van die Waaksaamheidskomitee in gesprek te tree.

Met seënwense

GJJ van Rensburg

Sekretaris: Waaksaamheidskomitee
Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023